# DIE DRIE BOEKE VAN OPENBARING (5)
# Die Boeke word Oopgemaak

Die 2de BOEK – VOLGENS JOU WERKE
Die 3de BOEK – BOEK VAN DIE LEWE

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

**NOTA: Ten einde die reeks te volg, word u aangeraai om die studie vanaf Deel 1 en die daaropvolgende lesings te bestudeer.**

-o0o-

**Openbaring 20:6 Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank.**

**Die laaste oordeel**

**Openbaring 20:11 En ek het 'n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie.**

**Open. 20:12 En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke.**

**Open. 20:13 En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke.**

**Open. 20:14 En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood.**

**Open. 20:15 En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp.**

**Luk 16:9 En Ek sê vir julle: Maak vir julle vriende deur die onregverdige Mammon, sodat wanneer julle die lewe verlaat, hulle jul in die ewige tente kan ontvang.**

-o0o-

Ons het gesê dat ***die boeke*** geopen gaan word.
Ons gaan nou sien waarna verwys word en wat hierdie boeke is.

**Open. 20: 12 En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke.**

Almal, *klein en groot*, het voor God gestaan en *die boeke* is geopen.

- God gaan Sy boek vat,
- Hy gaan jou boek vat en *(sien lesing: Gedenkboek-reeks)*
- *die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke*.

-o0o-

## 1. DIE BOEKE WORD VERGELYK

**Die 2de BOEK – VOLGENS JOU WERKE**
**Die 3de BOEK – BOEK VAN DIE LEWE**

Die Here gaan jou boek vat wat jy geskryf en uitgelewe het op aarde. Hy gaan Sy boek vat en dan gaan Hy kyk hoe hierdie boeke vergelyk. Hy gaan kyk of jy die wil van God, of jou eie wil gedoen het op aarde.

- Hy gaan kyk of jy die Koninkryk van God gebou het,
- Die liggaam van Christus Jesus uitgebrei het en
- Die Vader verheerlik het.

Hy gaan kyk waar jy gefunksioneer het en hoe jou boek lyk, *volgens* **jou** *werke,* nie volgens redding nie.

- Het jy liewer jou eie wil gedoen,
- Jou eie koninkryk gebou,
- In satan se koninkryk gefunksioneer en
- In die koninkryk van die vlees gefunksioneer?

Dit is hartseer om te sê, maar daar gaan mense wees vir wie Hy sal moet sê dat hulle vervloektes is, en van Hom af moet weg gaan, want Hy ken hulle nie. As hulle dit maar vir iemand gegee het wat iets daarmee kon doen, sou Hy hulle nog genadig gewees het

Dit is altyd vir my verstommend hoe hierdie leringe op mekaar volg en hoe die Here baie keer net terug verwys na vorige leringe. Om daardie rede, moet ons al hierdie leringe deurwerk, verstaan en uit lewe.

Almal gaan voor God staan, behalwe die Bruid.

- ✓ Die Bruid is reeds geoordeel,
- ✓ Want sy is alreeds in die eenheid bevestig met die Bruidegom.
- ✓ Sy het die tweede dood voor die eerste dood gesterf. *(2de dood – neerlê van die "ek = self")*
- ✓ Sy het dit reeds voltooi en is alreeds die Bruid wat aan die Bruidegom gegee is.

Dit is ná die Wederkoms.

i. Die wegraping sal eers gebeur, *(Sien lesing Wegraping van die Bruid)*
ii. dan die huweliksmaal en
iii. dan die wederkoms.

## 2. DIE MILLENNIUM (1000 JAAR)

Hierdie ***boeke,*** gaan eers na die duisend jaar se vrederyk geopen word. Die mense gaan dan geoordeel word *volgens hulle werke*.

- Dit sal daaroor gaan of jy 'n talent kry of nie en hoeveel talente jy gaan kry.
- Dit sal daaroor gaan of jy heerskappy anderkant gaan kry of nie.

Onthou, dit is net hulle wat deur die groot verdrukking kom, wat 'n duisend jaar saam met Christus gaan heers. Ons lees dit in Openbaring 20 vers 6.

**Open. 20:6 Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank.**

Die mense wat deur die groot verdrukking gaan, sal net in die millennium tyd heers. Ons weet nie wat aan die anderkant gaan wees nie. Die groot verskil is dat die Bruid in die ewigheid gaan heers.

Hierdie oordeel wat hier plaasvind, sal gaan oor watter plek die kind van God, wat nie Bruid is nie, gaan inneem in die millennium tyd. Dit sal gaan oor waar hulle in hierdie duisend jaar se vrederyk gaan staan en waar hulle dan nou saam met Christus as konings gaan heers.

-o0o-

- In hoofstuk 7 het ons gelees dat hulle wit klere sal dra.
- Hulle sal saam met Christus heers as konings op aarde, maar net vir die duisend jaar.

Dit is die boek wat jy skryf, wat op grond van jou werke geoordeel word. Dit is waar Lukas 16:9 inkom, waar dit gaan oor wat jy gedoen het met dit wat God vir jou gegee het

**Lukas 16: 9 En Ek sê vir julle: Maak vir julle vriende deur die onregverdige Mammon, sodat wanneer julle die lewe verlaat, hulle jul in die ewige tente kan ontvang.**

Wanneer *julle die lewe verlaat,* beteken wanneer jy oorstap na die millennium tyd toe. Daar is mense wat hierdie kant geld het, wat anderkant nie eers 'n blyplek gaan hê nie. Hulle het so min vir die Here gedoen en so min getuig. Hulle het dit darem gemaak, maar hulle sal nie 'n blyplek hê nie. Hulle gaan geoordeel word *volgens hulle werke*.

Dit is **die tweede boek** waarmee ons te doen kry in die boek van Openbaring.

- Dit word genoem ***die boeke*** wat geoordeel word ***volgens hulle werke***.

Daar is 'n **derde boek** (Boek van die Lewe – jou naam)

- Daardie boek is geskryf voor die grondlegging van die wêreld. Jy moet die vervulling wees van daardie boek.

**Open. 20: 12 En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke.**

Hierdie **derde boek, *die boek van die lewe van die Lam***, waarvan ons hier lees, sal ons weer sien in vers 15.

- Onthou dit is nou reeds na die oordeel.
- Die mense het klaar hulle loon ontvang.

**Open. 20: 14 En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood.**

Die eerste dood en tweede dood sal ek op 'n stadium met julle bespreek. Die mense wat die kursus gedoen het, weet al wat dit beteken.

**Open. 20: 15 En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp.**

Dit is dan die finale oordeel

So daar is drie boeke.

## Boek 1 *(Vermeteles)*

**Die eerste boek** is die boek wat die heiliges skryf.

- Hulle soek die aangesig van God, omdat hulle onregverdig behandel is.
- Hulle sê vir die Here hoe hulle gely het, onthoof is, en hulle lewe moes gegee het.
- Hierdie boek is verseël met sewe seëls, wat oordele is.
  - In Openbaring 5 sien ons dat net Christus Jesus die seëls kan oopmaak .

**Die eerste boek** wat geskryf is gaan oor die oordeel wat kom oor die vermeteles, wat die goddeloosheid aangehang het en die goddeloosheid liefgehad het.

## Boek 2 *(Werke)*

**Die tweede boek** wat geopen gaan word, is die ***boeke*** wat geskryf word oor ons lewe.

- Ek en jy is die vervulling van die boek wat oor ons lewe bepaal is voor die grondlegging van die wêreld.
- Dit gaan oor hoe ons die vervulling van daardie boek gedoen het.

-o0o-

**Die tweede boek** gaan almal daar voor staan, want almal gaan geoordeel word, om te kyk of ons die wil van God gedoen het.

Nou verstaan ons die skrifte wat hier sê, dat as jy nie die wil van die Vader doen nie, jy nie die Koninkryk van die hemel sal sien nie. Maak nie saak hoe, wat of waar nie, as jy nie die wil van die Vader doen nie, sal jy die Koninkryk van die hemel nie sien nie.

**Die tweede boek** gaan dan oor loon kry.

- Loon oor hoe ek my plek gaan volstaan, in die Millennium tydperk.

## Boek 3 *(Finale besluit)*

**Open. 20: 15 En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp.**

**Die derde boek** wat oopgemaak word, is die ***boek van die lewe*** van die Lam.

- Dit gaan bepaal of ek die ewigheid gaan maak of nie.

As 'n naam nie in die Boek van die Lewe van die Lam geskryf is nie, ***is hy in die poel van vuur gewerp***. Dit is hartseer, maar dit is hoe dit is.

Nou verstaan ons hierdie drie boeke wat geskryf is in Openbaring. Vat hierdie leringe, werk dit deur en maak dit deel van julle lewe. Gaan vra vir die Here waar julle staan. Ons gaan almal hierdie dinge deurgaan, so seker as wat ek lewe. Dit staan geskrywe. Ons moet dit deurgaan.

Aan watter kant staan ek elke keer? Staan ek aan die regte kant, of staan ek nie aan die regte kant nie?

Mag die Here elke oor seën wat hoor wat die Gees van God in die gemeente sê. Mag hierdie leringe jou verryk en opbou, sodat jy 'n lewende bousteen sal word in die nuwe Jerusalem, wat die Bruid van Christus Jesus is.

Die Here seën vir julle. Laat dit met julle goed gaan.

-o0o-



**Matthéüs 25:31** En wanneer die Seun van die mens in sy heerlikheid kom en al die heilige engele saam met Hom, dan sal Hy op sy heerlike troon sit;

Mat 25:32 en voor Hom sal al die nasies versamel word, en Hy sal hulle van mekaar afskei soos die herder die skape van die bokke afskei;

Mat 25:33 en Hy sal die skape aan sy regterhand en die bokke aan sy linkerhand sit.

Mat 25:34 Dan sal die Koning vir die wat aan sy regterhand is, sê: Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af.

**Mat 25:23** Sy heer sê vir hom: Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou heer.

-o0o-

Mat 25:45  Dan sal Hy hulle antwoord en sê: Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit nie gedoen het aan een van hierdie geringstes nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie.

Mat 25:41  Dan sal Hy ook vir dié aan sy linkerhand sê: Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele.
Mat 25:46  En hulle sal weggaan in die ewige straf, maar die regverdiges in die ewige lewe.

Mat 25:30  En werp die nuttelose dienskneg uit in die buitenste duisternis; daar sal geween wees en gekners van die tande

**Mat 25:11**  Later kom toe die ander maagde ook en sê: Meneer, meneer, maak vir ons oop!

Mat 25:12  Maar hy antwoord en sê: Voorwaar ek sê vir julle, ek ken julle nie.

## Gelykenis van die Talente

Mat 25:14  Want dit is soos 'n man wat op reis wou gaan en sy diensknegte roep en aan hulle sy besittings toevertrou.

Mat 25:15  En aan die een gee hy vyf talente en aan die ander twee en aan die ander een, aan elkeen na sy vermoë; en hy het dadelik op reis gegaan.

Mat 25:16  En die een wat die vyf talente ontvang het, het daarmee gaan werk en vyf ander talente gewin.

Mat 25:17  Net so het die een wat die twee ontvang het, self ook twee ander verdien.

Mat 25:18  Maar hy wat die een ontvang het, het in die grond gaan grawe en die geld van sy heer weggesteek.

Mat 25:19  En ná 'n lang tyd het die heer van daardie diensknegte gekom en met hulle afgereken.

Mat 25:20  En die een wat die vyf talente ontvang het, kom en bring vyf ander talente en sê: Meneer, vyf talente het u aan my toevertrou; hier het ek vyf ander talente daarby verdien.

Mat 25:21  En sy heer sê vir hom: Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou heer.

Mat 25:22  En die een wat die twee talente ontvang het, kom ook en sê: Meneer, twee talente het u aan my toevertrou; hier het ek twee ander talente daarby verdien.

Mat 25:23  Sy heer sê vir hom: Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou heer.

Mat 25:24  En die een wat die een talent ontvang het, kom ook en sê: Meneer, ek het u geken, dat u 'n harde man is wat maai waar u nie gesaai het nie, en bymekaarmaak waar u nie uitgestrooi het nie;

Mat 25:25  omdat ek bang was, het ek gegaan en u talent in die grond weggesteek. Hier het u wat aan u behoort.

Mat 25:26  Maar sy heer antwoord en sê vir hom: Jou slegte en luie dienskneg, jy het geweet dat ek maai waar ek nie gesaai het nie, en bymekaarmaak waar ek nie uitgestrooi het nie.

Mat 25:27  Daarom moes jy my geld by die wisselaars gestort het, en ek sou by my koms wat aan my behoort, met rente ontvang het.

Mat 25:28  Neem dan die talent van hom weg en gee dit aan die een wat die tien talente het;

Mat 25:29  want aan elkeen wat het, sal gegee word, en hy sal oorvloed hê; maar van hom wat nie het nie, van hom sal weggeneem word ook wat hy het.

Mat 25:30  En werp die nuttelose dienskneg uit in die buitenste duisternis; daar sal geween wees en gekners van die tande.

-o0o-